

# 'n Beoordeling van die vertaling van σάρξ (vlees) in die *Direkte Vertaling* en die *Afrikaanse Standaard Vertaling* van die Nuwe Testament

Philip La G. du Toit

---

Philip La G. du Toit, nadoktorale navorsingsgenoot,  
Fakulteit Teologie (Nuwe Testament), Universiteit Stellenbosch

---

## *Opsomming*

Beide die *Afrikaanse Standaard Vertaling* en die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* is direkte vertalings van die Nuwe Testament wat in 2014 verskyn het. In hierdie artikel word die vertaalfilosofie van hierdie twee vertalings beoordeel aan die hand van die wyse waarop σάρξ, σαρκικός en σάρκινος vertaal is. Die beoordeling word eerstens gedoen deur die vertalings van hierdie lekseme te vergelyk met ander vertalings wat met soortgelyke en ander vertalingsfilosofieë werk. Tweedens word gefokus op die teologiese kontekste van die gedeeltes waar die betrokke twee Afrikaanse Bybelvertalings σάρξ met “sondige aard” of “sondige natuur” vertaal. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die vertaling “sondige aard” of “sondige natuur”, wat slegs op die vlak van die antropologie lê, die heilshistoriese en eskatologiese konnotasies wat aan σάρξ verbonde is, verlore laat gaan. Die aanbeveling word gedoen dat direkte vertalings σάρξ eerder op hierdie plekke met “vlees” moet vertaal sodat die leser self vanuit die konteks kan aflei waarop σάρξ dui.

**Trefwoorde:** Afrikaans, dinamies ekwivalent, direkte vertaling, funksioneel ekwivalent, Nuwe Testament, sondige aard, sondige natuur, σάρξ, vertaling, vlees

## *Abstract*

**An evaluation of the translation of σάρξ (flesh) in the *Direkte Vertaling* (*Direct Translation*) and the *Afrikaanse Standaard Vertaling* (*Afrikaans Standard Translation*) of the New Testament**

Readers of the Bible in Afrikaans are privileged to have access to a variety of Afrikaans Bibles that are translated on the basis of a variety of translation philosophies. The two latest additions to the array of Afrikaans translations appeared in 2014, namely the DV (*Direkte Vertaling*) and the ASV (*Afrikaans Standaard Vertaling*). Both the DV and the ASV claim to

be “direct translations” of the New Testament which try to stay as close as possible to the source text while aiming to make meaningful use of the receptor language. This type of translation aims to retain the metaphorical or idiomatic expressions and the structure of the source texts as far as possible while trying to convey these in fluent, idiomatic Afrikaans.

The translation philosophies, namely word for word, direct, functionally equivalent and paraphrase, represent, in this order, a progressive moving away from a focus on the source text (word for word) to a focus on the receptor language (paraphrase). However, these translation philosophies cannot exist in watertight categories and involve a measure of overlap. Whereas the meaning of a word-for-word translation can be obscure, a paraphrastic translation can be focused so much on the receptor language that it can be anachronistic, or it can send the reader in the wrong direction with regard to the original meaning of the text. Any translation thus has to position itself somewhere on a continuum from a focus on the source text to a focus on the receptor language.

Another factor that influences translation is the fact that there are approximately 5 000 Greek lexemes in the New Testament that are used in about 25 000 meanings. The lexeme σάρξ is especially difficult to translate, as it can be applied in a variety of meanings. This article aims to evaluate the translation of the lexemes σάρξ, σαρκικός and σάρκινος in the DV and the ASV, (1) in respect of the translation philosophy that these translations utilise in comparison with those of other translations that use similar or related philosophies, and (2) by discussing the translation of these lexemes in respect of the theological interpretation in the various contexts in which they occur. In this discussion the focus will be on those instances where the DV and the ASV translate σάρξ as “sinful nature”.

The main domains of meaning in which σάρξ is used in the New Testament (based mainly on Bauer et al. 2000 and Louw and Nida 1988) are the following (from basic/literal to extended/figurative): (1) physical flesh, (2) the human body, (3) a human being, (4) of human or earthly descent, (5) nation, (6) earthly life, (7) physical human nature and (8) psychological human nature. Another meaning claimed for σάρξ is that it points to someone’s “sinful nature”. However, this meaning is not well supported by Bauer et al. 2000 or Louw and Nida (1988). This article specifically focuses on those instances where the DV and the ASV translate σάρξ as “sinful nature”. The lexeme σαρκικός can denote that which is human, material or physical, natural or worldly. Similarly, σάρκινος can point to that which is human, natural or worldly (based on Bauer et al. 2000 and Louw and Nida 1988).

All eight of the above meanings of σάρξ are represented in the ASV. The same applies to the DV, except for the fourth meaning (human/earthly descent). Apart from the meaning “natural”, both the ASV and the DV utilise all meanings of σαρκικός and σάρκινος. In the ASV and especially the DV, functional equivalents are used to translate σάρξ, σαρκικός and σάρκινος. It is noteworthy that the DV often translates σάρξ as “sinful nature”, in much the same way that the NAV (1983 Afrikaans translation) and the NIV3 (third, 1984 edition of the *New International Version*) do. The ASV, however, translates σάρξ as “flesh” in most of these instances.

The more important question is whether “sinful nature” is a legitimate translation of σάρξ at all. There is a difference of opinion on how to translate σάρξ in this kind of extended meaning, which occurs especially in the Pauline corpus. In this regard the salvation-historical use of σάρξ can already be derived from its first occurrence in Paul’s letter to the Romans. In

Bible translations there exists a tendency to move away from the idea of the two “natures” of Jesus (σάρξ and πνεῦμα) in 1:3–4, to two phases of salvation history. In this regard the NIV4 (fourth, 2011 edition of the *New International Version*) changed the translation “human nature” of the NIV3 to “earthly life” (1:3). The Spirit-flesh contrast in Romans 1:3–4 would then reveal the heart of Paul’s gospel (1:2), namely the two phases of Jesus’ ministry: his birth and work as Son of David in the old era (flesh) and in the new era, which was inaugurated by Christ’s resurrection by the Spirit. Where the ASV keeps the original “flesh”, the DV translates Rom. 1:3 as “as human being”, which lies closer to the two natures view.

A passage where the two phases of salvation history are especially evident is Rom. 7:5–6. The ὅτε (“then”) in verse 5 is contrasted with the νῦν (“now”) in verse 6, thus constituting a contrast between two eschatological and salvation-historical eras and realities. In this understanding σάρξ (v. 5) points to a *way of existence* before or outside Christ, on the pre-Christ, pre-Spirit side of eschatological realities, which does not belong to the believer’s present. Similarly, πνεῦμα (v. 6) denotes a way of existence and eschatological reality in Christ, where God’s Spirit replaces observance of the Law. The Spirit is the essential element of the New Covenant. Flesh thus points to a way of existence under the Law, sin and death (Rom. 3:9, 19–20; 5:12–13, 20–21; 6:14–15; 7:4–5, 8), whereas the Spirit signifies a way of existence of the new life and the new position of righteousness in Christ (Rom. 7:6; 8:2–4, 6, 10–11, 13; Gal. 5:5; 6:8). In the context of Rom. 7:5–6 it is thus unlikely that σάρξ points to the sinfulness or sinful nature of human beings, contra the NAV and the DV. Even the NIV4 translates σάρξ as “the realm of the flesh” (v. 5) where the NIV3 has “sinful nature”. This salvation-historical contrast between flesh and Spirit is in all probability carried over to Rom. 8:1–16. Rom. 8:9 (“you are not in the flesh”) in particular points to the old existence before or outside Christ.

The same salvation-historical contrast between flesh and Spirit can be derived from Gal. 5:16–25, where the Spirit that desires against the flesh can be understood as a supra-individual struggle between two realities pertaining to two salvation-historical eras. Being under the Law (5:18) corresponds to an existence prior to Christ (4:5) and prior to the “coming” of faith (3:23–25). The “works of the flesh” (5:19–21) are characteristic of a life that is deprived of the inheritance of God’s kingdom (5:21). Someone in Christ is therefore someone who crucified the flesh (5:24), being dead to the former existence (2:19). Eternal life is the end result of sowing in the Spirit, which is contrasted with corruption as the end result of sowing in the flesh (6:8). Although pertaining to the moral dynamics of fallen humanity, the eschatologically old existence can also be derived from Eph. 2:3. There σάρξ points to the natural inclinations of the whole person who opposes God’s will, rather than to someone’s sinful nature as an anthropological idea.

As a second layer of meaning, the Spirit-flesh contrast, can also denote a contrast of two mutually exclusive *identities*. In this extended application, flesh could denote the identity of someone before or outside Christ, where identity is marked by external identity markers such as the observance of the Law, circumcision and ethnicity. In contrast, Spirit can denote the identity of someone whose spirit bears witness with God’s Spirit that he or she is a child of God (Rom. 7:5–6; 8:1–16; Gal. 5:5, 13, 16–25; 6:8; Eph. 2:3). In John 3:5–6, “flesh” points to the natural human ability and identity, whereas “the Spirit” refers to the divine origin of identity.

The study concludes that in instances where the ASV and the DV translate σάρξ as the anthropological translation “sinful nature” (and the DV’s translation of σαρκικός in Rom. 7:14), the eschatological and salvation-historical connotations as well as the connotations of identity are obscured or lost. The translation “sinful nature” actually lies closer to the Hellenistic idea of a higher nature (spirit) and lower nature (flesh), which should be avoided. In the light of the study it is a question what the function and definition of a direct translation are. If σάρξ, σαρκικός and σάρκινος are translated with functional equivalents, the idea of a direct translation might be misleading to the general public, especially if the expectation is created that a direct translation would bring the reader much closer to the source text. If the translations discussed above can be considered as representative of the translation philosophy of the ASV and the DV, it is recommended that these translations more explicitly position themselves within the spectrum of functional equivalence. It is nevertheless recommended that the ASV and especially the DV translate σάρξ as “flesh” instead of “sinful nature” where appropriate. This will enable the reader to decide from the context what the meaning of σάρξ is, rather than for the reader possibly to be pointed in the wrong direction.

**Keywords:** direct translation, dynamic equivalent, flesh, functional equivalent, New Testament, σάρξ, sinful nature, translation

## 1. Inleiding

Die leser van die Bybel in Afrikaans is bevoorreg om toegang te hê tot etlike Afrikaanse Bybels, wat op grond van ’n verskeidenheid vertalingsbeginsels vertaal is. ’n Paar van hierdie Afrikaanse vertalings het betreklik onlangs verskyn. Ná die verskyning van die Ou Afrikaanse Vertaling van 1933/1953 (OAV) het *Die Lewende Bybel* verskyn (1982). Die 1983-vertaling of sogenaamde Nuwe Vertaling (NAV) het kort daarna gevolg en later ook *Die Boodskap: Die Nuwe Testament in hedendaagse Afrikaans* (Van der Watt en Joubert 1997). Waar die OAV hoofsaaklik ’n letterlike, woord-vir-woord-vertaling was, het die NAV ’n vertaalfilosofie van dinamiese ekwivalensie gevolg, wat later as funksionele ekwivalensie bekend geword het (Carson 2003:65; Van der Merwe 2014:294). Die oogmerk van ’n funksioneel-ekwivalente vertaling is om “dieselfde effek op hedendaagse lesers te hê as wat dit op die eerste hoorders en lesers gehad het” (Van der Merwe 2014:294). Dit “vertaal” dus begrippe eerder as woorde. *Die Lewende Bybel* en *Die Boodskap*, daarenteen, is albei parafrases. *Die Boodskap* is by uitstek daarop gerig om die Bybel in “alledaagse Spreektaalafrikaans” (Van der Watt en Joubert 1997:8) weer te gee.

*Die Bybel vir Almal* (ABA), wat in 2007 verskyn het, is ook ’n parafrastiese vertaling en was oorspronklik op dowe lesers gemik. *Die Nuwe Lewende Vertaling* (NLV) het in 2006 verskyn en is in 2011 hersien. Dit is net soos die NAV ’n funksioneel-ekwivalente vertaling in hedendaagse Afrikaans, maar met ’n sterker fokus op die teikentaal as sommige ander funksioneel-ekwivalente vertalings. Soos uit hierdie artikel sal blyk, is die 2011-uitgawe van die funksioneel-ekwivalente *New International Version* (NIV4) byvoorbeeld in sekere opsigte meer bronteks-georiënteerd as die 1984-uitgawe daarvan (NIV3).

In 2014 het die *Afrikaanse Standaard Vertaling* van die Nuwe Testament (ASV) en die *Nuwe Testament en Psalms: ’n Direkte Vertaling* (DV) verskyn. Albei is direkte vertalings wat poog om so getrou moontlik aan die bronteks te bly en is terselfdertyd ingestel op die sinvolle

aanwending van die teikenteks. Dit probeer dus om so ver moontlik die metaforiese of idiomatiese uitdrukkings en die struktuur van die bronteks te behou, maar poog om dit in vloeiende, idiomatiese Afrikaans weer te gee. Terwyl die OAV, die NAV, die ABA en die DV deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uitgegee is, is die ander vier Afrikaanse vertalings wat hier bo vermeld is, deur die Christelike Uitgewersmaatskappy uitgegee.<sup>1</sup>

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die onderskeie vertaalfilosofieë (woord-vir-woord, direk, funksioneel-ekwivalent en parafrasties) nie in waterdigte kategorieë bestaan nie, maar in 'n groot mate oorvleuel. Dit is ook belangrik om daarop te let dat daar nie 'n regte en verkeerde vertaalfilosofie is nie, maar dat almal sterk en swak punte het. Die hoofrede is die feit dat daar so 'n groot hermeneutiese afstand bestaan tussen die taal en leefwêreld van die Nuwe Testament en die leefwêreld van diegene wat vandag die Bybel in Afrikaans lees. Enige vertaling behels 'n keuse om sterker op óf die bronteks óf die ontvangteks te fokus. Dikwels kan 'n vertaling nie aan beide volkome reg laat geskied nie. Deur met uiterstes te werk, waar 'n woord-vir-woord-vertaling getrou is aan die bronteks, is die vertaalde teks dikwels moeilik verstaanbaar of selfs sinloos in die ontvangteks.

'n Parafrase, daarenteen, is baie meer ingestel op 'n vloeiende, maklik leesbare teks in die ontvangteks as om die leser naby aan die bronteks te bring. 'n Parafrastiese vertaling kan die gevaar loop om só ingestel te wees op die leefwêreld van die ontvangteks dat die vertaling anachronisties kan wees.<sup>2</sup> 'n Woordelike vertaling, 'n direkte vertaling, 'n funksioneel-ekwivalente vertaling en 'n parafrase kan in hierdie volgorde beskou word as 'n progressiewe beweging vanaf 'n fokus op die bronteks na 'n fokus op die teikenteks. Dit hang dus af van wat met 'n vertaling bereik wil word. Indien die vertaling lesers so na as moontlik aan die bronteks wil bring, kan 'n woord-vir-woord- of direkte vertaling gebruik word, maar dikwels veronderstel dit 'n goeie begrip van die bronteks of benodig ekstra studie om by die betekenis agter die vertaling uit te kom. Aan die ander kant kan 'n parafrase so sterk op die ontvangteks fokus en soveel interpretasie bevat dat die leser nie noodwendig 'n goeie begrip van die bronteks kry nie, of selfs dat die leser in die verkeerde rigting gestuur word wat die oorspronklike betekenis van die teks betref.

'n Verdere faktor wat 'n groot rol in vertaling speel, is die feit dat daar ongeveer 5 000 Griekse lekseme (wat idioome insluit) in die Nuwe Testament voorkom, terwyl daar nagenoeg 25 000 betekenis vir hierdie lekseme in die Nuwe Testament is (Louw en Nida 1988, Vol. 1, bl. vi). 'n Funksioneel-ekwivalente vertaling wat poog om aan sowel die bronteks as die ontvangteks reg te laat geskied, moet ten beste as 'n kompromie tussen die bronteks en die ontvangteks beskou word, veral as in ag geneem word (1) dat die vertaling dikwels 'n mate van interpretasie bevat wat betref die keuse van betekenis wat weergegee word in die vertaling, en (2) dat daar nie altyd presiese ekwivalente van die betekenis in die taal van die ontvangteks bestaan nie. Sekere Griekse lekseme word in 'n hele paar semantiese velde gebruik en kan dus verskillende betekenis in verskillende kontekste hê,<sup>3</sup> of die gebruik daarvan in die bronteks kan doelbewus dubbelsinnig wees. Die keuse waarvoor die vertaler te staan kom, is om te besluit watter betekenis in die vertaling weergegee moet word.

Die lekseem  $\sigma\acute{\alpha}\rho\zeta$  is by uitstek moeilik om te vertaal, juis omdat dit in 'n wye verskeidenheid kontekste of betekenis aangewend kan word. Die vertaler moet kies of die lekseem met 'n woord-vir-woord-vertaling vertaal gaan word (bv. "vlees") of met 'n funksionele ekwivalent (kyk hier onder).



Die doel van hierdie artikel is om die vertaling van die Griekse lekseme *σάρξ*, *σαρκικός* en *σάρκινος* van die DV en die ASV te beoordeel aan die hand van (1) die vertaalfilosofie waarmee hierdie vertalings werk in vergelyking met ander vertalings van die Bybel wat 'n soortgelyke of verwante vertaalfilosofie gebruik, en (2) om die vertaling van hierdie lekseme te bespreek aan die hand van die teologiese interpretasie van die lekseme in die verskillende kontekste waarin dit gebruik word. In laasgenoemde bespreking sal die fokus val op daardie plekke waar die DV en die ASV *σάρξ* met “sondige aard/natuur” vertaal.

## 2. Die hoofbetekenis van *σάρξ*, *σαρκικός* en *σάρκινος*

Die lekseem *σάρξ* kan in kontekste met letterlike of figuurlike betekenis gebruik word. Die onderstaande betekenisvelde waarin *σάρξ* gebruik word, is gerangskik van letterlik tot figuurlik, oftewel van die basiese tot die uitgebreide betekenis. Hierdie voorbeelde is nie bedoel om die volle reikwydte van betekenis te dek nie, maar om 'n breë oorsig te gee oor die basiese betekenis waarin *σάρξ* gebruik word (vir betekenis 1–3, kyk Bauer, Danker, Arndt en Gingrich 2000 (voortaan BDAG), *σάρξ* §1–3; veld 8.63, 8.4 en 9.11 in Louw en Nida 1988; Moo 2003:366–7; vgl. Bruce 1985:49–50):

1. vleis (bv. Luk. 24:39; 1 Kor. 15:39)
2. die menslike liggaam (bv. 1 Kor. 6:16; 2 Kor. 7:1)
3. die mens (bv. Matt. 24:22; 1 Kor. 15:39)
4. van menslike, aardse en/of geslagtelike afkoms (bv. Rom. 4:1; 9:3; Bruce 1985:49; BDAG, *σάρξ* §4)
5. nasie of volk (bv. Rom. 11:14; veld 10.1 in Louw en Nida 1988)
6. aardse lewe (bv. Heb. 5:7; veld 23.90 in Louw en Nida 1988)
7. fisieke of menslike natuur. Dit dui op die fisieke aspek van menslike lewe (bv. Gal. 4:23; veld 58.10 in Louw en Nida 1988; vgl. veld 9.12 in Louw en Nida 1988)
8. psigologiese of menslike natuur. Dit dui op die natuurlike, sielkundige aspek van die menslike natuur in teenstelling met dit wat geestelik is of van God kom (bv. 1 Kor. 1:26; veld 26.7 in Louw en Nida 1988; vgl. Bruce 1985:50).

'n Ander moontlike betekenis wat onder punt 8 hier bo ingesluit sou kon word, is dat *σάρξ* op die mens se “sondige natuur” of “sondige aard” kan dui wat teenoor God se Gees staan (bv. Gal. 5:16–17 in Moo 2003:366–7; vgl. Bruce 1985:50–1). Hierdie betekenis word egter nie goed ondersteun deur BDAG of Louw en Nida (1988) nie. Die naaste wat Louw en Nida daaraan kom, is om daarop te wys dat *σάρξ* wel gebruik word in kontekste waar dit op die sielkundige faktor in die mens dui wat as gewillige instrument van sonde dien en aan die sonde onderworpe is (veld 26.7; vgl. BDAG, *σάρξ* §2c). Die spesifieke fokus van hierdie artikel is juis om die plekke waar die DV en die ASV *σάρξ* met “sondige aard” of “sondige natuur” vertaal, in oënskou te neem.

Die lekseem σαρκικός kan dui op dit wat menslik is (bv. 2 Kor. 1:12), dit wat materieel of fisiek is (bv. Rom. 15:27), dit wat natuurlik is (bv. 1 Kor. 3:3) of dit wat wêrelds is (bv. 1 Pet. 2:11; velde 26.8, 79.1, 79.4 en 41.42 in Louw en Nida 1988; vgl. BDAG, σαρκικός). Die lekseem σάρκινος word in baie dieselfde betekenis as σαρκικός gebruik, en kan dui op dit wat menslik is (bv. Heb. 7:16), dit wat natuurlik is (1 Kor. 3:1) of dit wat wêrelds is (bv. 1 Kor. 3:1; velde 9.13, 26.8, 79.4 en 41.42 in Louw en Nida 1988; vgl. BDAG, σάρκινος).

### 3. Die vertaling van σάρξ, σαρκικός en σάρκινος in die DV in vergelyking met ander vertalings

Vervolgens word die vertalings van σάρξ in die DV genoem in vergelyking met die ASV en sekere ander vertalings op sekere punte (tussen hakies aangedui). Die vertalings word in nagenoeg dieselfde volgorde genoem as betekenis 1–8 hierbo, hoewel ’n mate van oorvleueling teenwoordig is. Vreemde of inkonsekwente vertalings word gekursiveer (kyk die bespreking daarvan verder aan).

1. “vleis”: Luk. 24:39 (ook NAV en ASV); Op. 17:16; 19:18 (X5); 19:21 (ook ASV)

“fisiese vorm”: 1 Kor. 15:39 (derde voorkoms; ASV: “vleis”)

2. “liggaam”: Joh. 6:51, 52, 53, 54, 55, 56 (ASV: “vlees”); Hand. 2:26, 31 (ook ASV); Rom. 4:1 (ASV: “vlees”); 9:3 (ASV: “vlees”), 8 (ASV: “vlees”); 1 Kor. 6:16 (ook ASV); 2 Kor. 4:11 (ook ASV); 7:1 (ASV: “vlees”); Gal. 4:14 (ASV: “liggaamlike”); Ef. 2:14 (ook ASV); 5:29 (ook ASV); Ef. 5:31 (ASV: “mens”); Kol. 1:24 (ook ASV); Heb. 9:10 (ook ASV), 13 (ASV: “liggame”); 10:20 (ook ASV); 1 Pet. 3:21 (ook ASV); 1 Pet. 4:6 (vgl. ASV); Jud. 23 (OAV: “sonde”; ASV: “sinlike luste”)

“liggame”: Jak. 5:3 (ook ASV); Jud. 7 (ASV: “vlees”), 8 (ASV: “liggaam”)

“liggaamlik”: 2 Kor. 7:5 (ASV: “vlees”); Gal. 2:20 (ASV: “op aarde”); Ef. 2:11 (tweede voorkoms; ASV: “liggaam”); Fil. 1:22, 24 (ASV: “vlees”); Kol. 2:5 (ASV: “liggaam”); Filem. 16 (ASV: “mens”); 1 Pet. 3:18 (ook ASV); 4:1 (2X) (ook ASV)

“liggaamlike”: Joh. 1:13 (ASV: “vlees”); 2 Pet. 2:18 (ASV: “liggaam”); 1 Joh. 2:16 (ASV: “vlees”)

“liggaamlike bestaan”: 1 Pet. 4:2 (ASV: “as mens”)

“menslike liggaam”: 1 Tim. 3:16 (ASV: “fisiese liggaam”)

“natuurlike liggaam”: 2 Pet. 2:10 (ASV: “natuurlike drange”)

3. “mens”: Matt. 24:22 (ook ASV); Mark. 13:20 (ook ASV); Joh. 1:14 (ASV: “vlees”); 3:6 (eerste voorkoms) (ASV: “liggaam”); Rom. 1:3 (ook NAV; ASV: “vlees”); 3:20 (ASV: “vlees”); 8:3 (tweede en derde voorkoms) (NLV: “menslike”; “soos ons sondige menslike natuur”; NIV3: “sinful man”; NIV4: “flesh”; ASV: “vlees”); 9:5 (ASV: “vlees”); 1 Kor. 1:29

(ook ASV); Gal. 2:16 (ook ASV); 1 Pet. 1:24 (ook ASV); 1 Joh. 4:2 (ASV: “vlees”); 2 Joh. 7 (ASV: “liggaamlik”)

“mense”: Hand. 2:17 (ASV: “mens”); Rom. 11:14 (ASV: “volk”)

“mensdom”: Luk. 3:6 (ASV: “mense”); Joh. 17:2 (ASV: “vlees”)

“lewende wesens”: 1 Kor. 15:39 (eerste voorkoms; ASV: “vleis”)

4. Geen

5. “volk”: 1 Kor. 10:18 (ook NAV en ASV)

6. “aardse”: Ef. 6:5 (ook ASV); Kol. 3:22 (ASV: “vlees”); Heb. 12:9 (ASV: “menslike”)

“aardse lewe”: Heb. 5:7 (ASV: “lewens-”)

“hierdie lewe”: 1 Kor. 7:28 (ASV: “die lewe”)

7. “menslik”: Joh. 3:6 (tweede voorkoms; ASV: “liggaam”)

“menslik gesproke”: 1 Kor. 1:26 (ASV: “menslike standaard”)

“menslike”: Rom. 6:19 (ook ASV)

“menslike swakheid”: 2 Kor. 1:17 (ASV: “vlees”); 10:2 (ASV: “vlees”), 3 (2X) (ASV: “vlees”)

“menslike standaard”: 2 Kor. 11:18 (ASV: “vlees”)

“menslike krag”: Gal. 3:3 (vgl. NAV; ASV: “vlees”)

“menslike dinge”: Fil. 3:3, 4 (2X) (NAV: “menslike dinge”; ASV: “vlees”)

“uiterlike”: 2 Kor. 5:16 (2X) (NAV: “menslike maatstaf”; ASV: “vlees”); Gal. 6:12, 13 (ASV: “vlees”)

“iets uiterliks”: Rom. 2:28 (ASV: “vlees”)

“op ’n natuurlike manier”: Gal. 4:23, 29 (ASV: “menslike natuur”)

“persoonlik”: Kol. 2:1 (ASV: “in persoon”)

8. “sondige aard”: Rom. 7:5 (NAV: “’n sondige lewensbestaan gevoer het”; NLV: “sondige natuur”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “realm of the flesh”; ASV: “vlees”), 18 (ook NAV; NLV: “sondige natuur”; NIV3 en NIV4: “sinful nature”; ASV: “vlees”), 25 (NAV: “doen en late”; NLV: “sondige natuur”; NIV3 en NIV4: “sinful nature”; ASV: “vlees”); 8:3 (eerste voorkoms), 4, 5 (2X), 6, 7 (NAV en NLV: “sondige natuur”; NIV3: “sinful nature” of “that nature” in v. 5, tweede voorkoms; NIV4: “flesh”; ASV: “vlees”), 8, 9 (NAV en NLV:



“sondige natuur”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “realm of the flesh”; ASV: “vlees”), 12 (eerste voorkoms), 13 (NAV en NLV: “sondige natuur”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “flesh”; ASV: “vlees”); 1 Kor. 5:5 (ook NAV en NLV; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “flesh”; ASV: “liggaam”); Gal. 5:13 (NAV: “om sonde te doen”; NLV: “sondige begeertes”; ASV: “fisiese begeertes”), 16 (NLV: “sondige geaardheid”; ASV: “menslike natuur”), 17 (2X) (NLV: “sondige geaardheid”; ASV, eerste voorkoms: “menslike natuur”; ASV, tweede voorkoms: “vlees”), 19 (NLV: “sondige geaardheid”; ASV: “vlees”), 24 (NLV: “sondige geaardheid”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “flesh”; ASV: “menslike natuur”); 6:8 (2X) (NAV en ASV: “sondige natuur”; NLV: “sondige geaardheid”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “flesh”); Ef. 2:3 (eerste voorkoms; NAV: “sondige”; NLV: “sondige begeertes”; ASV: “sondige natuur”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “flesh”), 11 (eerste voorkoms; ASV: “volgens afkoms”; vgl. NAV; NLV; NIV3 en NIV4: “by birth”); Kol. 2:11, 13 (NAV: “sondige natuur”; NLV: “sondige geaardheid”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “flesh”; ASV: “vlees”), 18 (NAV: “in eiewaan”; NLV: “sondige geaardheid”; ASV: “vleeslike”; NIV3 en NIV4: “unspiritual”), 23 (NAV: “sondige drifte”; NLV: “sondige geaardheid”; NIV3 en NIV4: “sensual indulgence”; ASV: “vlees”)

“sondige *natuur*”: Rom. 13:14 (ook NLV; NAV: “sondige”; NIV3: “sinful nature”; NIV4: “flesh”; ASV: “vlees”).

In die volgende Skrifgedeeltes vertaal die DV  $\sigma\alpha\rho\chi$  met “vlees”: Matt. 16:17 (ook ASV); 19:5 (ASV: “liggaam”); 26:41 (ook NAV; ASV: “liggaam”); Mark. 10:8 (ASV: “liggaam”); 14:38 (ook NAV en ASV); Joh. 6:63 (ook ASV); 8:15 (ook ASV); 1 Kor. 15:50 (ook NAV en ASV); 2 Kor. 12:7 (ook NAV en ASV); Gal. 1:16 (ASV: “n mens”); Ef. 6:12 (ASV: “vleis”); Heb. 2:14 (ASV vertaal “vlees en bloed” met “menslike wesens”).

In die volgende Skrifgedeeltes laat die DV  $\sigma\alpha\rho\chi$  onvertaald: Matt. 19:6 (ASV: “liggaam”); Rom. 8:12 (tweede voorkoms; ASV: “vlees”); Gal. 4:13 (ASV: “liggaamlike”); 1 Kor. 15:39 (tweede voorkoms en vierde voorkoms; ASV: “vleis”); Ef. 2:3 (tweede voorkoms; NAV: “sondige natuur”; ASV: “liggaam”); Kol. 1:22 (ASV: “vleeslike”).

Met die uitsondering van Jud. 23 vertaal die OAV  $\sigma\alpha\rho\chi$  in al bogenoemde Skrifgedeeltes met “vlees”, “vleeslik” of “vleeslike”.

Die DV vertaal  $\sigma\alpha\rho\kappa\iota\kappa\acute{o}\varsigma$  soos volg:

“menslik”: 2 Kor. 10:4 (NAV: “van die mens”; ASV: “vleeslik”)

“menslike”: 2 Kor. 1:12 (NAV: “van mense”; ASV: “vleeslike”)

“liggaamlike”: 1 Pet. 2:11 (ook ASV; NAV: “sinlike”)

“materiële”: Rom. 15:27 (OAV, NAV en ASV: “stoflike”); 1 Kor. 9:11 (OAV, NAV: “stoflike”; ASV: “materiële”)

“wêrelds”: 1 Kor. 3:3 (2X) (vgl. NAV; ASV).

Met die uitsondering van die aangeduide Skrifgedeeltes vertaal die OAV  $\sigma\alpha\rho\kappa\iota\kappa\acute{o}\varsigma$  met “vleeslik” of “vleeslike”.

Die DV vertaal σάρκιος soos volg:

“menslike”: Heb. 7:16 (ook NAV en ASV)

“mense-”: 2 Kor. 3:3 (vgl. NAV; ASV: “vlees”)

“wêreldse mense”: 1 Kor. 3:1 (ook NAV; vgl. ASV)

“sondige aard”: Rom. 7:14 (NAV: “aards”; ASV: “vleeslik”).

Die OAV vertaal σαρκικός met “vlees-”, “vleeslik” of “vleeslike”.

#### 4. Algemene opmerkings oor die vertalings van die DV en die ASV

Met die uitsondering van die vierde betekenis (geslagtelike afkoms – kyk betekenisveld 4 hier bo) verteenwoordig die vertalings van die DV al die basiese betekenis waar σάρξ gebruik word. Dieselfde geld vir die ASV, behalwe dat die ASV wel σάρξ met die vierde betekenis vertaal (Ef. 2:11). Hierdie semantiese veld word egter nie uitdruklik deur Louw en Nida (1988) ondersteun nie. Met die uitsondering van die betekenis “natuurlike” verteenwoordig die vertalings van σαρκικός en σάρκιος van beide die DV en die ASV al die moontlike betekenis.

Beide die DV en die ASV gebruik funksionele ekwivalente (soortgelyk aan Louw en Nida 1988) om die onderskeie semantiese velde van σάρξ, σαρκικός en σάρκιος weer te gee. Dit is egter opmerklik dat die ASV heelwat meer keer σάρξ met “vlees” of “vleeslik(e)” vertaal as die DV. Die DV vertaal wel die uitdrukking σὰρξ καὶ αἷμα met “vlees en bloed” (Matt. 16:17; 1 Kor. 15:50; Gal. 1:16; Ef. 6:12; Heb. 2:14). Een van die inkonsekwentheid van die DV is egter om die aanhaling van Gen. 2:24 in Matt. 19:5 (ἔσονται οἱ δύο εἰς σάρκα μίαν) te vertaal met “die twee sal een vlees wees” (vgl. Mark. 10:8), terwyl dieselfde aanhaling in Ef. 5:31 vertaal word met “hulle twee sal een liggaam wees”. Die ASV is egter ook inkonsekwent deur dieselfde konsep in Ef. 5:31 met “een mens” te vertaal terwyl dit elders met “een liggaam” vertaal word. Die ASV is ook inkonsekwent deur in 1 Joh. 4:2 te vertaal dat Christus “in die vlees gekom het” (ἐν σαρκὶ ἐληλυθότα), terwyl Christus volgens 2 Joh. 7 “liggaamlik gekom het” (ἐρχόμενον ἐν σαρκί).

Dit is veral opmerklik dat die DV σάρξ dikwels met “sondige aard” vertaal (slegs “sondige natuur” in Rom. 13:14) op baie dieselfde wyse as wat die NAV dit met “sondige natuur” vertaal (vgl. ook die NLV en die NIV3). Dit is ook ’n vraag waarom Rom. 13:14 in die DV met “sondige natuur” vertaal is (slegs een maal), terwyl “sondige aard” meestal gebruik word. Met die uitsondering van Gal. 6:8 en Ef. 2:3 (eerste voorkoms), waar die ASV σάρξ met “sondige natuur” vertaal, vertaal die ASV σάρξ meestal met “vlees” (soms “menslike natuur”) op die plekke waar die DV “sondige aard” het. Dit is egter onduidelik waarom die DV σάρξ in beide Johannes 6:63 en 8:15 met “vlees” vertaal in die lig van die funksionele ekwivalente waarmee σάρξ elders in hierdie evangelie vertaal word.

Een van die eienaardigste vertalings in die DV is waarskynlik die vertaling van Ef. 2:11, waar σάρξ (eerste voorkoms) met “sondige aard” vertaal word (“Daarom moet julle onthou dat

julle destyds volgens julle sondige aard heidene was”), terwyl feitlik alle ander funksioneel-ekwivalente vertalings dit met “van geboorte” (NAV), “volgens afkoms” (ASV) of iets soortgelyks vertaal. Hoe is mense in elk geval volgens hulle “sondige aard” heidene (DV)? Die vertaling van die DV kan die indruk skep dat heidene as heidene beskou moes word op grond van hulle sondige aard terwyl die Israeliete deel was van God se volk omdat hulle klaarblyklik nie ’n sondige aard gehad het nie. Σάρξ (eerste voorkoms) dui eerder hier op die heidene se geslagtelike afkoms (NAV; ASV), of staan in verband met hulle onbesnedenheid – soos die tweede helfte van hierdie vers aandui (Hoehner 2002:353–4; Arnold 2010:153). Dit is laastens opmerklik dat die DV ook σάρκινος in Rom. 7:14 met “sondige aard” vertaal, ’n vertaling wat nie deur Louw en Nida (1988) of BDAG ondersteun word nie.

Die belangrikste vraag wat egter gevra moet word, is of die vertaling “sondige aard” of “sondige natuur” hoegenaamd ’n geldige vertaling van σάρξ (of σαρκικός/σάρκινος) is. Hierdie kwessie word vervolgens bespreek.

## 5. Die uitgebreide betekenis van σάρξ

Soos uit bostaande bespreking blyk, bestaan daar meningsverskil oor hoe om σάρξ te vertaal wanneer dit in figuurlike of uitgebreide kontekste gebruik word. Hierdie gebruik van σάρξ kom veral in die Pauliniese geskrifte voor en word nou van naderby beskou.

### 5.1 Die heilshistoriese konteks waarin σάρξ gebruik word

Die heilshistoriese gebruik van σάρξ kan reeds uit die eerste voorkoms daarvan in die brief aan die Romeine afgelei word (Rom. 1:3–4). Soos Moo (2003:372) aantoon, bestaan daar ’n tendens om weg te beweeg van die idee van ’n onderskeid tussen die “twee nature” van Christus in Rom. 1:3–4 (σάρξ en πνεῦμα) na twee fases van die heilsgeskiedenis. Die NIV4 het daarom die vertaling van die NIV3 verander van die “menslike natuur” van die Seun na die “aardse lewe” van die Seun (1:3). Die aanwysing van Jesus as Seun van God by sy opstanding uit die dood dui dan op ’n nuwe fase in die geskiedenis van die heil onder die tydvak van geregtigheid en lewe (πνεῦμα), wat staan teenoor die ou tydvak van sonde en dood (σάρξ). Die Gees-vlees-kontras in Rom. 1:3–4 openbaar dan reeds die hart van Paulus se evangelie (v. 2), naamlik die twee fases van Jesus se bediening: sy geboorte en werk as Seun van Dawid in die ou tydvak (die vlees) en die nuwe tydvak, wat ingelui is deur Christus se opstanding deur die Gees (Vos [1912] 1980:103–5; Ridderbos 1966:63–7; Moo 2003:373). Die DV vertaal Rom. 1:3 egter met “as mens”, wat lyk of dit nader lê aan die idee van die “twee nature” van Christus (vgl. NAV). Die ASV vertaal σάρξ hier met “vlees”, wat dit aan die leser oorlaat om die betekenis van σάρξ hier af te lei.

’n Verdere teksgedeelte waarin die twee fases van die heilsgeskiedenis op ’n prominente wyse ter sprake kom, is Rom. 7:5–6. Die ὅτε (“toe”) in vers 5 staan in kontras met die νῦν (“nou”) in vers 6, en dui die kontras tussen twee eskatologiese en heilshistoriese eras en werklikhede aan (Ridderbos 1959:145–7; TDNT 7:133–5; Cranfield 1975:337, 340; Käsemann 1980:190, 210; Fee 1994:504, 821; Moo 1996:422; Osborne 2004:173; Jewett 2006:436–7; Longenecker 2016:636–7). In hierdie verstaan dui σάρξ op ’n bestaanswyse vóór Christus se koms of los van Christus. Soos Ridderbos (1959:145) dit stel: σάρξ dui hier op ’n “boven-individuele werklikheid, waaraan de individuele mens-buiten-Christus

vervallen is”. Of soos Fee (1994:504) dit stel: “[B]oth the Law and the flesh belong to the past, on the pre-Christ, pre-Spirit side of eschatological realities.” Op ’n soortgelyke wyse dui  $\piνεῦμα$  in vers 6 op die bestaanswyse en eskatologiese werklikheid in Christus waarin die Gees van God wetsonderhouding vervang (Käsemann 1980:210; Fee 1994:507). Die Gees is daarom die wesentliche element van die Nuwe Verbond (Fee 1994:508). Die verlede tyd waarin die toestand in die vlees in vers 5 aangedui word ( $\etāμεν$ , impf. ind.) dui in hierdie konteks daarop dat die lewe in die vlees nie tot die gelowige se eskatologiese hede behoort nie (Fee 1994:505).

Hierdie ou bestaanswyse in die vlees verwys dan na ’n bestaanswyse onder die Wet, die sonde en die dood (Rom. 3:9, 19–20; 5:12–13, 20–21; 6:14–15; 7:4–5, 8), wat in teenstelling staan met die bestaanswyse in die Gees wat deel is van die nuwe lewe en die nuwe posisie van “geregtigheid” in Christus (Rom. 7:6; 8:2–4, 6, 10–11, 13; Gal. 5:5; 6:8). Dit is dus onwaarskynlik dat  $σάρξ$  in die konteks van Rom. 7:5–6 na die mens se sondigheid of sondige aard verwys, anders as wat die NAV en die DV dit vertaal. Waar die NIV3  $\etāμεν ἐν τῇ σαρκί$  (Rom. 7:5) vertaal het met “when we were controlled by the sinful nature”, vertaal die NIV4 dieselfde sinsnede met “when we were in the realm of the flesh”. Die ASV vertaal ook  $σάρξ$  hier met “vlees”, net soos die OAV, en plaas weer eens die onus op die leser om uit die konteks af te lei waarop  $σάρξ$  dui.

Op grond van dieselfde eskatologiese onderskeid tussen die “toe” in die vlees en die “nou” in die Gees voer Fee (1994:515–69) aan dat die basiese kontras tussen vlees en Gees in Rom. 8:1–16 ook ’n eskatologiese en heilshistoriese kontras is tussen die bestaanswyse vóór Christus (vlees) en die bestaanswyse ín Christus (Gees). Die sterkste aanduiding hiervan is waarskynlik die  $νῦν$  (“nou”) in vers 1, wat die nuwe eskatologiese tydvak in Christus aandui. In verse 2–4 gee Paulus ’n bondige opsomming van die ou era onder die Wet, die sonde en die dood (vlees) en die nuwe era in Christus. In hierdie nuwe era is God se Seun as mens gestuur om die sonde in die ou bestaanswyse te veroordeel. Daardeur het God die reg of vereiste van die Wet vervul in diegene wat nie leef op grond van die ou bestaanswyse (vlees) nie, maar op grond van die nuwe bestaanswyse in die Gees (vgl. Bruce 1977:203; Käsemann 1980:212–3, 219–20; Moo 1996:477, 478, 485, 489–90; Wright 2002:581; Jewett 2006:486). Paulus sê daarom in vers 9: “julle is egter nie in die vlees nie” (OAV; vgl. ASV). Net soos in Rom. 7:5 dui  $σάρξ$  in 8:9 egter eerder op hierdie ou bestaanswyse onder die Wet, die sonde en die dood as op die mens se “sondige aard” of “sondige natuur”. Moo (1996:489–90) skryf tereg dat  $ἐν σαρκί$  en  $ἐν πνεύματι$  onderskeidelik dui op “die ou era van sonde en dood” en “die nuwe era van geregtigheid en lewe”. Dit is gevolglik moeilik om sin te maak van die DV se vertaling van 8:9: “Julle, daarenteen, bly nie in julle sondige aard nie, maar in die Gees.” Hoe “bly” ’n mens “in” jou “sondige aard”? Beteken dit ’n mens *het* nie meer ’n sondige aard nie? Beteken dit dat die sondige aard soos ’n geestelike blyplek is waarin ’n mens nie meer verkeer nie? Beteken dit jou sondige aard is steeds teenwoordig, maar jy is nie meer onderhewig daaraan nie? Of beteken dit iets anders? Die bedoeling is onduidelik.

Die twee heilshistoriese eras waarop  $σάρξ$  en  $πνεῦμα$  dui, kan ook uit Gal. 5:16–25 afgelei word. In hierdie gedeelte kan die Gees en vlees wat teenoor mekaar “begeer”, verstaan word as ’n bomenslike stryd tussen twee werklikhede wat op hul beurt eie is aan twee heilshistoriese en eskatologiese eras (TDNT 7:133; Fung 1988:249–50; Fee 1994:435–8; Silva 2001:183). Met ander woorde, Gees en vlees behoort tot twee verskillende wêrelde (Fee 1994:343–5; Martyn 1997:495) of sferes (De Boer 2011:336).<sup>4</sup> Dit kan afgelei word uit die feit dat geloof in Christus en die werke van die Wet tot twee onverenigbare kategorieë behoort

(Fee 1994:431; vgl. De Boer 2011:336) en wat in ooreenstemming met die πνεῦμα-σάρξ tweedeling staan. Πνεῦμα dui in hierdie konteks op die bestaanswyse in die geloof en word as “deur die Gees” beskryf, terwyl σάρξ die bestaanswyse buite die geloof verteenwoordig en wat as “van menslike oorsprong” (1:11), “in eie krag” (3:3) of as “onder die toesig van die Wet” (3:25) beskryf word (Lategan 1986:105). Voorts word leiding deur die Gees terselfdertyd gekontrasteer met die vlees (5:16–19, 24) en om “onder die Wet” te wees, wat op sy beurt dui op die tydvak vóór of buite Christus (3:23; 4:5; 5:18). Ook die “werke van die vlees” (vv. 19–21) word beskryf aan die hand van die koninkryk wat nie beërf word nie (v. 21). Laasgenoemde dui op die eskatologiese einde van God se koninkryk, wat reeds ’n teenswoordige werklikheid begin word het (vgl. Rom. 14:17; 1 Kor. 4:20; Hays 2000:327). Of ’n mens die koninkryk van God beërf of nie, hou direk verband daarmee of mens ’n gelowige is of nie, of in Christus is of nie. Die optrede wat in verse 19–21 beskryf word, behoort daarom tot die vorige manier van lewe (Fee 1994:441, 443).

Laastens word iemand wat aan Christus behoort, beskryf as iemand wat die vlees gekruisig het (Gal. 5:24). Om aan Christus te behoort beteken om Abraham se nageslag en ’n erfgenaam van die belofte aan Abraham te wees (3:29), wat in ooreenstemming staan daarmee om in Christus te wees (3:28). Die lewe in Christus word in 5:24 gekontrasteer met die vorige lewenswandel in die ou orde onder die Wet in die vlees, terwyl die vlees gekruisig is (2:20) en die “ek” vir die vorige lewenswandel dood is (2:19; vgl. Rom. 5:15; 6:2–6; 7:9, 10, 24; 2 Kor. 5:15; Fee 1994:455–6). Christus en die Gees verteenwoordig dus die wenteling van die eeue, en lewe deur die Gees en die vlees is twee opsies wat mekaar uitsluit. Die kontras tussen die Gees en die vlees is uiteindelik absoluut (Schreiner 2001:145). Hierdie kontras kan veral afgelei word uit 6:8, waar die ewige lewe die eindresultaat is van die saai in die Gees en staan teenoor die verderf as die eindresultaat van die saai in die vlees. “Vlees” dui op beide die vorige era onder die Wet, sonde en dood, en op ’n posisie buite Christus en die Gees.

Die eskatologiese ou bestaanswyse vóór Christus, los van God, kom ook in Ef. 2:3 voor. Die tekstuele merker wat hierdie ou toestand vóór Christus aandui, is ποτέ (vroëer/eertyds). Hoewel σάρξ hier verband hou met die morele dinamika van die gevalle mensheid, dui dit ’n bestaanswyse los van God en teenoor God aan. Ofskoon die gelowige se natuurlike, aardse bestaan as die toestand van “vlees” beskryf kan word (vgl. Gal. 2:20), is die gelowige in ’n eskatologiese sin nie meer daarin nie (Rom. 8:9). Dieselfde geld vir die konteks waarin σάρξ hier gebruik word (Hoehner 2002:320). Soos Hoehner (2002:320) tereg opmerk, kan σάρξ wel in verband staan met ’n negatiewe morele dimensie, maar eerder as wat σάρξ dui op die mens se “sondige aard” as antropologiese idee, dui dit op “the natural inclinations of the whole person to oppose God’s will and ways” (vgl. O’Brien 1999:162).

## 5.2 Σάρξ en πνεῦμα as twee bestaanswyses en modusse van identiteit

Paulus gebruik σάρξ soms in taamlik komplekse en gelaagde betekenis. Daar bestaan ook ’n mate van oorvleueling of vloeibaarheid tussen die betekenisnuanses waarin Paulus σάρξ gebruik. Dat σάρξ in Gal. 5:16–25 beide ’n vorige era én ’n *posisie* buite Christus en die Gees kan aandui, dui daarop dat σάρξ in hierdie heilshistoriese en eskatologiese gebruik ook met identiteit te make het. Die inwoning van die Gees hang saam met die begin van die Christus-lewe en kan verstaan word as die enigste merker van identiteit in die nuwe era in Christus (Gal. 3:2–3; Rom. 7:6; 8:1–16; Fee 1994:383, 508, 540, 553, 564; vgl. Hansen 2009:221). Op ’n soortgelyke wyse dui σάρξ op ’n bestaanswyse waarby identiteit deur natuurlike impulse



en fisieke inspanning gekenmerk word (vgl. Rom. 7:15–20),<sup>5</sup> en waar identiteit hoofsaaklik bepaal word deur ’n posisie onder die beheer van die Wet, die sonde en die dood. Σάρξ kan in hierdie konteks verstaan word as ’n karakterisering van die manier waarop die identiteit van iemand vóór of buite Christus afgemerk word.

Volgens hierdie verstaan, dui die leiding (ἄγω) van die Gees in Rom. 8:14 nie soseer op die alledaagse leiding van die Gees nie, maar op die identiteit van iemand onder die Nuwe Verbond en staan dit teenoor die “Gees van slawerny” (πνεῦμα δουλείας, v. 15), wat in verband staan met die “Gees van aanneming” (πνεῦμα υἰοθεσίας, v. 15; Fee 1994:563–4). Met ander woorde, om deur die Gees “gelei” te word is God se onderskeidende merkteken daarvan om God se kind te wees (Moo 1996:499). Gelowiges is nie meer “in die vlees” nie (Rom. 8:9) juis omdat hulle identiteit nou nie meer bepaal word deur uiterlike merktekens van identiteit, soos die Wet, die besnydenis, die onderhouding van Sabbatte of etnisiteit nie, maar slegs deur die inwoning van die Gees. Die Gees wat “getuig saam met ons gees” is die merkteken daarvan dat “ons kinders van God is” (Rom. 8:16). In hierdie sin bestaan daar ook oorvleueling met die antropologie en dus met die mens se liggaamlike bestaanswyse in hierdie wêreld. Die toestand van “vlees” hou gevolglik ook verband met ’n menslike, natuurlike, liggaamlike bestaanswyse wat nie deur die Gees gelei en beheer word nie – ’n bestaanswyse vóór of buite Christus waar identiteit afgemerk word deur dinge wat binne die sfeer van die mens se eie vermoëns lê. Dit staan dan teenoor die bestaanswyse in die Gees, waarin die mens se identiteit afgemerk word deur dit wat God in die mens deur die Seun en die Gees doen. Ten diepste staan die onderskeid tussen vlees en Gees ook in verband met die onderskeid tussen die mens (vlees) en God (Gees).

Die verband waarin σάρξ met identiteit staan, kan ook afgelei word uit Gal. 5:16–25. Gal. 5:1, wat eintlik die einde van die diskoers oor die gelowige se vryheid van die Wet aandui (4:21–5:1), beklemtoon die diskontinuiteit van die gelowige met die Wet. Christus is sentraal in die omskrywing van identiteit en staan teenoor die besnydenis, wat in die ou era identiteit help afmerk het (5:2–3). Christus en die Wet verteenwoordig twee aparte sferes van mag in dié sin dat iemand wat die magsfeer van die Wet kies, afgesny is van die magsfeer van Christus (5:4; Hays 2000:312). Hierteenoor word geloof in Galasiërs 5 uitgebeeld as die teenpool van ’n identiteit wat deur besnydenis (vv. 6–12) en die Wet bepaal word, en stem ooreen met die Gees (v. 5) en met liefde (v. 6). Volgens Fee (1994:427) kan iemand wie se identiteit deur uiterlike identiteitsmerkers gekenmerk word, godsdienstig wees sonder om regverdig te wees. Om hierdie rede het God ’n einde gebring aan die onderhouding van die Wet as identiteitsmerker. Die Gees het hierin die Wet vervang met die gevolg dat mense van alle soorte nou ’n nuwe identiteit het deur die inwoning van die Heilige Gees (vgl. Schreiner 2001:263).<sup>6</sup> Die kontras tussen die Gees en die vlees in Gal. 5:16–25 kan derhalwe ook verstaan word as die kontras tussen twee wedersydse uitsluitende identiteite: die identiteit onder die Wet (vlees), wat nie gelei word deur die Gees nie (v. 18) en die identiteit in die Gees, wat die vlees afgesterf het in Christus (v. 24). Die paranese in Galasiërs 5 kom daarop neer dat die gelowige, wie se identiteit deur die inwonende Gees bepaal word, nie moet leef volgens die ou identiteit onder die Wet en onder die mag van sonde (vlees) nie, maar volgens die nuwe identiteit in Christus, wat die vrug dra van die werking van God se Gees in hom of haar.

Die idee van identiteit lê ook ten grondslag van Kol. 2:11–13. Die “uittrek” (ἀπέκδυσις) van die “liggaam van die vlees”<sup>7</sup> in Kol. 2:11 kan ook verstaan word as die “uittrek” van die ou identiteit vóór of buite Christus wat tot ’n einde gekom het in die dood (letterlik

“besnydenis”)<sup>8</sup> van Christus. “Liggaam” dui nie noodwendig hier op die fisieke liggaam nie, maar kan op baie dieselfde manier verstaan word as die “liggaam van die sonde” in Rom. 6:6, wat dui op ’n ou bestaanswyse onder die heerskappy van die dood en die sonde (vgl. Ridderbos 1960:179; Moo 2008:200).<sup>9</sup> Dat gelowiges “dood was” (Kol. 2:13) in hulle oortredinge dui dan op die ganse periode vóór Christus wat onder die mag van die dood was as gevolg van die sonde en die “onbesnedenheid van die vlees” (Lohse 1971:107). Hierdie metaforiese gedagte van die “onbesnedenheid van die vlees” dui op sowel die heidene se fisieke onbesnedenheid as hulle geestelike toestand (Ridderbos 1960:183), en sluit selfs diegene in wat etnies God se mense maar geestelik onbesnede was (Moo 2008:206–7). Aangesien die besnydenis ’n “vleeslike” identiteitsmerker was, maar Christus self die besnydenis in sy uiteindelige “besnydenis” (sy dood) vervul het, het “vlees” in beide verse 11 en 13 daarmee te make dat mense se identiteit nog nie bepaal was deur Christus se kruisdood nie (vgl. Thompson 2005:56–7). Kol. 2:11–13 wys die nuwe kriteria van identiteit as God se mense aan, wat Christologies gedefinieer word. God se mense is nou diegene wie se identiteit nie deur etnisiteit of uiterlike identiteitsmerkers (soos “besnydenis wat met die hand gedoen is”, v. 11, ASV) bepaal word nie (vlees), maar deur die geestelike besnydenis in Christus. Die vertaling “sondige aard” in verse 11 en 13 van die DV is dus nie net aanvegbaar nie, maar verbloem ook die finer konnotasies en nuanses van identiteit wat aan σάρξ verbonde is.

In die Evangelie van Johannes word πνεῦμα en σάρξ ook teenoor mekaar gestel, waar dit twee onvereenigbare bestaanswyses of bronne van oorsprong aandui. Πνεῦμα het te make met dit wat van God kom, terwyl σάρξ te make het met dit wat natuurlik of menslik is (Ridderbos 1997:131; vgl. Carson 1991:196–7; Michaels 2010:185). Volgens Joh. 3:3 moet iemand “van bo” of “weer” gebore word (γεννηθῆναι ἄνωθεν) om God se koninkryk binne te gaan, want “wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees” (3:6). Geboorte “uit die vlees” dui op ’n natuurlike geboorte en die “modus van bestaan” van die natuurlike mens (Bruce 1983:85; Carson 1991:196; Ridderbos 1997:128). By implikasie kan geen aanspraak op God se koninkryk op grond van dinge soos nasionaliteit, etnisiteit of selfs godsdienstige tradisie, wat alles deel van ’n natuurlike bestaan (vlees) vorm, ’n mens in God se koninkryk laat ingaan nie. Elke mens moet die Gees as “eskatologiese gawe” ontvang (Ridderbos 1997:127; vgl. Bruce 1983:110; Carson 1991:195, 224–5). Daar is ’n noue verbintenis in Johannes 3 tussen geestelike geboorte (3:5–6) en geloof (3:15–18). In Johannes is aanbidding ook nie verbonde aan ’n aardse tradisie of plek nie (4:21). ’n Uur het “nou” gekom wanneer aanbidders God aanbid “in Gees en in waarheid” omdat God “Gees” is (4:23–24). Volgens Ridderbos (1997:163) dui “Gees” hier op ’n tyd van redding wat gekom het met Christus en die nuwe verhouding waarin God met die mens staan. Soos die Evangelie later aandui, oordeel die Fariseërs egter “volgens die vlees” (8:15). Die enigste geldige bron van lewe en toegang tot die koninkryk is God se Gees, wat God as eskatologiese gawe gee, en nie dit wat uit die natuurlike mens (vlees) kom nie. Die geboorte en die nuwe lewe in die Gees kan derhalwe gesien word as ’n nuwe, hemelse bestaanswyse deur God se Gees wat die ou bestaanswyse in die vlees oortref en vervang. Hierdie nuwe bonatuurlike bestaanswyse vorm die basiese identiteit van mense wat weer, of van bo af, gebore is en kwalifiseer hulle vir toegang tot die koninkryk.

## 6. Gevolgtrekkings en aanbevelings

Uit hierdie bespreking kan afgelei word dat  $\piνεῦμα$  in die uitgebreide toepassing daarvan by beide Paulus en Johannes op 'n eskatologiese *era* en *bestaanswyse* in die Gees kan dui waarin identiteit (kindschap by Paulus en toegang tot die koninkryk by Johannes) deur die interne werk van die Gees bepaal word (Fee 1994:469–70, 553; Moo 1996:49–50; Hansen 2009:221; vgl. Bruce 1983:110; Carson 1991:195, 224–5; Ridderbos 1997:127). By Paulus dui  $\piνεῦμα$  op die nuwe bestaanswyse in die Gees onder die heerskappy van geregtigheid en lewe (veral Rom. 7:6; 8:2–4, 6, 10–11, 13; Gal. 5:5; 6:8), waarin identiteit (kindschap) bepaal word deur die getuigenis van die mens se gees met God se Gees (veral Rom. 8:16). In die Evangelie van Johannes dui  $\piνεῦμα$  op die goddelike oorsprong van identiteit en die nuwe lewe (veral 3:5–6).

Hierteenoor kan  $σάρξ$  in die uitgebreide toepassing daarvan by Paulus dui op 'n eskatologiese ou *era* en *bestaanswyse* in die heilsgeskiedenis vóór Christus onder die mag van die Wet, die sonde en die dood. Hierdie toestand vóór of buite Christus hang saam met 'n *identiteit* wat bepaal word deur dit wat menslik moontlik of uiterlik waarneembaar is (veral Rom. 7:5; 8:1, 4, 6, 8–9, 12–13; Gal. 5:13, 16–17, 19, 24; 6:8; Ef. 2:3). Hoewel geboorte uit die vlees wat staan teenoor geboorte uit die Gees in die Evangelie van Johannes ook verband hou met identiteit (toegang tot God se koninkryk), val die klem op die kontras tussen dit wat van *menslike oorsprong* is (vlees) en God se werk deur die Gees (veral 3:6).

Ofskoon 'n verstaan van die Gees en die vlees as twee heilshistoriese en eskatologiese bestaanswyses staan teenoor die interpretasie om die Gees en vlees te sien as 'n voortdurende stryd tussen die “sondige aard/natuur” van die mens wat 'n stryd voer met die inwonende Gees, hoef die eskatologiese verstaan nie ook te lei tot triomfalisme nie. Die spanning tussen die “alreeds” en die “nog nie” word eerder verstaan as tussen die werklikheid van die nuwe lewe wat voortydig (eskatologies) deur die Gees deurgebreek het en die swakheid en lyding van hierdie “teenswoordige bese wêreld/eeu” (Gal. 1:4) wat die opstanding verwag (Fee 1994:432). Ironies genoeg kan die vertaling “sondige aard/natuur” van  $σάρξ$  in Skrifgedeeltes soos Rom. 7:5; 8:9; 2:3 en Kol. 2:11, soos die DV dit inderdaad vertaal (vgl. die NAV), juis die indruk skep dat gelowiges nie meer 'n “sondige aard” het nie of dat die “sondige aard” nie meer 'n faktor in die gelowige se lewe is nie. Laasgenoemde kan juis as triomfalisme geïnterpreteer word. As  $σάρξ$  in hierdie Skrifgedeeltes egter op 'n bestaanswyse buite Christus dui waarin die *hele mens* teenoor die vrug van God se Gees gerig is, dan moet die gelowige voortdurend rekening hou met die natuurlike neiging by die mens om te leef vanuit dit wat menslik, gebroke en onvolkome is. Dan moet die mens hom- of haarself voortdurend ondergeskik stel aan die leiding van die Gees deur middel van die vernuwing van denke: om nie meer te dink vanuit 'n natuurlike, menslike raamwerk nie, maar om jou denke te laat vernuwe deur die Gees (Rom. 12:2; Ef. 4:22–24; Kol. 3:10).

Die probleem met die vertaling “sondige aard/natuur” van  $σάρξ$  by die DV, wat ook teenwoordig was by die NAV (vgl. die NIV3), is dat  $σάρξ$  in hierdie tipe vertaling uitsluitlik as 'n antropologiese term vertaal word. Die heilshistoriese en eskatologiese konnotasies, asook die konnotasies van identiteit, gaan gevolglik verlore (vgl. Fee 1994:819).

Die ander probleem met sodanige vertaling van  $σάρξ$  is dat dit nader lê aan die Hellenistiese idee waarin die liggaamlike bestaan beskou is as sleg en onwenslik, maar veral ook die Hellenistiese idee dat daar 'n “laer” natuur by die mens is wat staan teenoor 'n “hoër” natuur

(Ridderbos 1966:66–7; veld 26.7 in Louw en Nida 1988). Dit is waarskynlik om hierdie rede dat die vertalers van die NIV4 op 'n hele paar plekke (nie oral nie) besluit het om weg te beweeg van die vertaling “sinful nature” en terug te keer na “flesh”. Met die uitsondering van Gal. 6:8 en Ef. 2:3 het die ASV ook in al die gedeeltes waar die DV σάρξ met “sondige aard/natuur” vertaal, van sodanige vertaling wegbeweeg. In die Skrifgedeeltes waar die DV σάρξ met “sondige natuur/aard” vertaal, vertaal die ASV dit meestal met “vlees”, een maal met “fisiese begeertes” (Gal. 5:13) en soms met “menslike natuur” (Gal. 5:16, 24). Laasgenoemde twee vertalings is meer neutraal, en hoewel dit uitsluitlik antropologiese konnotasies dra, is dit verder verwyder van die Hellenistiese beskouings van menswees as die vertaling “sondige aard/natuur”. Dit is ook meer in pas met die teenstelling van die natuurlike (ψυχικός) teenoor die geestelike (πνευματικός/ πνευματικῶς) in 1 Kor. 2:13–15, waar ψυχικός in semantiese veld 41.41 in Louw en Nida (1988) gesien kan word as semanties baie naby aan σαρκικός/σάρκινος in veld 41.42 in Louw en Nida (1988).<sup>10</sup>

Uit die bespreking van die vertaling van σάρξ, σαρκικός en σάρκινος, en die manier waarop dit in die ASV en veral die DV vertaal is, ontstaan die vraag opnuut wat die funksie of definisie van 'n direkte vertaling is. Aangesien genoemde lekseme in die DV meestal met funksionele ekwivalente vertaal word en 'n hele paar keer in die ASV ook so vertaal word, lyk dit of die idee van 'n direkte vertaling vir die algemene leserspubliek in sekere opsigte misleidend kan wees, veral as die verwagting met 'n direkte vertaling geskep is om nader aan 'n woord-vir-woord-vertaling te beweeg, soos die OAV, of indien die verwagting geskep is dat die leser nader aan die bronteks sal kom. Natuurlik kan 'n beoordeling van die vertaling van σάρξ, σαρκικός en σάρκινος in hierdie vertalings 'n mens nie tot finale gevolgtrekkings of geheelindrukke oor die vertalings lei nie. Indien hierdie steekproef egter verteenwoordigend is van die vertaalfilosofie van hierdie vertalings, kan 'n paar voorlopige gevolgtrekkings gemaak word.

Hoewel die DV inderdaad in baie opsigte nader aan die bronteks lê as ander funksioneel-ekwivalente vertalings (bv. die NAV of die NLV) wat hierdie steekproef betref, kan dit steeds as 'n funksioneel-ekwivalente vertaling beskou word wat bloot nader aan 'n woord-vir-woord-vertaling lê as aan 'n parafrase. Die ASV lê wat hierdie steekproef betref, heelwat nader aan die bronteks as die DV, hoewel dit ook 'n paar funksionele ekwivalente bevat. Hoewel die ASV nie 'n woord-vir-woord-vertaling is nie, lê dit ook heelwat nader aan die OAV as die DV. As die NIV4, wat nie daarop aanspraak maak dat dit enigiets anders as 'n funksioneel-ekwivalente vertaling is nie (Carson 2003), nader lê aan die bronteks of 'n woord-vir-woord-vertaling as die DV (soos uit hierdie steekproef blyk), is dit inderdaad 'n vraag of die DV as 'n direkte vertaling bekend moet staan.

Wat die vertaling van σάρξ, σαρκικός en σάρκινος betref, kan 'n paar aanbevelings gemaak word. Buiten die enkele inkonsekwente vertalings van σάρξ by sowel die DV (bv. “een vlees” in Matt. 19:5 en “een liggaam” in Ef. 5:31) as die ASV (bv. “vlees” by 1 Joh. 4:2 en “liggaamlik” by 2 Joh. 7; “mens” in Ef. 5:31 en “liggaam” elders), wat reggestel behoort te word, is dit my aanbeveling dat die vertaling “sondige aard/natuur” van σάρξ (en σαρκικός in die DV van Rom. 7:14) in beide die ASV en die DV eerder vervang moet word met “vlees” of “vleeslik(e)” sodat die onus op die leser rus om uit die konteks af te lei waarop σάρξ (of σάρκινος in Rom. 7:14) dui. Hierbenewens behoort die ASV en veral die DV duideliker aan te dui dat hulle steeds in 'n mindere of meerdere mate binne die kader van funksionele ekwivalensie lê. Indien die oogmerk van 'n direkte vertaling egter is om die leser nader aan die bronteks te bring as die vryer vertalings, en as dit is om interpretasie in die vertaling te

verminder, behoort 'n direkte vertaling die dubbelsinnigheid of kompleksiteit van die bronteks te behou op plekke waar funksionele ekwivalente te veel daarvan verlore laat gaan. Hoewel enige vertaling 'n mate van interpretasie bevat, is die gevaar by 'n funksioneel-ekwivalente vertaling van lekseme soos σάρξ, σαρκικός en σάρκινος groter om die leser in die verkeerde rigting te stuur wat die interpretasie van die teks betref.

## Bibliografie

ABA. 2007. *Die Bybel vir almal*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Arnold, C.E. 2010. *Ephesians*. Zondervan exegetical commentary on the New Testament. Grand Rapids: Zondervan.

ASV. 2014. *Afrikaanse Standaard Vertaling*. Vereeniging: CUM.

Bauer, W., F.W. Danker, W.F. Arndt en F.W. Gingrich. 2000. *A Greek-English lexicon of the New Testament and other early Christian literature*. 3de uitgawe. Chicago: University of Chicago Press.

Botha, J. 1990. *Semeïon: Inleiding tot aspekte van die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Bruce, F.F. 1977. *Paul: Apostle of the heart set free*. Carlisle: Paternoster; Grand Rapids: Eerdmans.

—. 1983. *The Gospel of John*. Grand Rapids: Eerdmans.

—. 1985. *Romans: An introduction and commentary*. Tyndale New Testament commentaries. Downers Grove: InterVarsity Press.

Carson, D.A. 1991. *The gospel according to John*. The Pillar New Testament commentary. Leicester: Apollos; Grand Rapids: Eerdmans.

—. 2003. The limits of functional equivalence in Bible translation – and other limits, too. In Scorgie, Strauss en Voth (reds.) 2003.

Cranfield, C.E.B. 1975. *A critical and exegetical commentary on the epistle to the Romans*. Vol. 1. International critical commentary. Edinburgh: T&T Clark.

De Boer, M.C. 2011. *Galatians: A commentary*. The New Testament library. Louisville: Westminster John Knox Press.

Dunn, J.D.G. 1996. *The epistles to the Colossians and to Philemon*. The New International Greek Testament commentary. Grand Rapids: Eerdmans; Carlisle: Paternoster.

Du Toit, P. La G. 2015. Paul's reference to the "keeping of the commandments of God" in 1 Corinthians 7:19. *Neotestamentica*, 49(1):21–45.



DV. 2014. *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte vertaling*. Bellville: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Fee, G.D. 1994. *God's empowering presence: The Holy Spirit in the letters of Paul*. Grand Rapids: Baker Academic.

Friedrich, G. (red.). 1971. *Theological dictionary of the New Testament*. Vol. 7. Vertaal deur G.W. Bromiley. Grand Rapids: Eerdmans (TDNT).

Fung, R.Y.K. 1988. *The epistle to the Galatians*. The new international commentary on the New Testament. Grand Rapids; Cambridge: Eerdmans.

Gaffin, R.B. (red.). 1980. *Redemptive history and Biblical interpretation: The shorter writings of Geerhardus Vos*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing.

Hansen, G.W. 2009. *The letter to the Philippians*. The Pillar New Testament commentary. Grand Rapids: Eerdmans.

Hays, R.B. 2000. The letter to the Galatians. In Keck (red.) 2000.

Hoehner, H.W. 2002. *Ephesians: An exegetical commentary*. Grand Rapids: Baker Academic.

Jewett, R. 2006. *Romans: A commentary*. Hermeneia. Minneapolis: Fortress Press.

Käsemann, E. 1980. *Commentary on Romans*. Vertaal deur G.W. Bromiley. Londen: SCM Press.

Keck, L.E. (red.). 2000. *The new interpreter's Bible*. Vol. 11. Nashville: Abingdon Press.

—. 2002. *The new interpreter's Bible*. Vol. 10. Nashville: Abingdon Press.

Lategan, B.C. 1986. *Die brief aan die Galasiërs*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

LB. 1982. *Die lewende Bybel*. Vereeniging: CUM.

Lohse, E. 1971. *Colossians and Philemon: A commentary on the epistles to the Colossians and to Philemon*. Hermeneia. Philadelphia: Fortress Press.

Longenecker, R.N. 2016. *The epistle to the Romans*. The new international Greek Testament commentary. Grand Rapids: Eerdmans.

Louw, J.P. en E.A. Nida. 1988. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains*. New York: United Bible Societies.

Martyn, J.L. 1997. *Galatians: A new translation with introduction and commentary*. The Anchor Bible. New York; Londen; Toronto; Sydney; Auckland: Doubleday.

Matera, F.J. 2010. *Romans*. Paideia commentaries on the New Testament. Grand Rapids: Baker Academic.

Michaels, J.R. 2010. *The gospel of John*. The new international commentary on the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans.

Moo, D.J. 1996. *The epistle to the Romans*. The new international commentary on the New Testament. Grand Rapids; Cambridge: Eerdmans.

—. 2003. “Flesh” in Romans: A challenge for the translator. In Scorgie, Strauss en Voth (reds.) 2003.

—. 2008. *The letters to the Colossians and to Philemon*. The Pillar New Testament commentary. Grand Rapids: Eerdmans; Nottingham: Apollos.

NAV. 1983. *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

NIV3. 1984. *New International Version*. 3de uitgawe. Grand Rapids: Zondervan.

NIV4. 2011. *New International Version*. 4de uitgawe. Grand Rapids: Zondervan.

NLV. 2011. *Nuwe Lewende Vertaling*. Vereeniging: CUM.

OAV. 1953. *Die Bybel: Ou Afrikaanse Vertaling*. Hersiene uitgawe. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

O’Brien, P.T. 1999. *The letter to the Ephesians*. The Pillar New Testament commentary. Grand Rapids: Eerdmans; Leicester: Apollos.

Osborne, G.R. 2004. *Romans*. The IVP New Testament commentary series. Downers Grove: IVP Academic.

Pao, D.W. 2012. *Colossians and Philemon*. Zondervan exegetical commentary on the New Testament. Grand Rapids: Zondervan.

Ridderbos, H. 1959. *Aan de Romeinen*. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.

—. 1960. *Aan de Kolossenzen*. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.

—. 1966. *Paulus: Ontwerp van zijn theologie*. Kampen: Kok.

—. 1997. *The gospel according to John: A theological commentary*. Vertaal deur John Vriend. Grand Rapids: Eerdmans.

Schreiner, T.R. 2001. *Paul, apostle of God’s glory in Christ: A Pauline theology*. Downers Grove: IVP Academic; Leicester: Apollos.

Scorgie, G.G., M.L. Strauss en S.M. Voth (reds.). 2003. *The challenge of Bible translation: Communicating God's Word to the world*. Grand Rapids: Zondervan.

Silva, M. 1983. *Biblical words and their meaning: An introduction to lexical semantics*. Grand Rapids: Academic; Zondervan.

—. 2001. *Interpreting Galatians: Explorations in exegetical method*. Grand Rapids: Baker Academic.

Thompson, M.M. 2005. *Colossians and Philemon*. Two Horizons New Testament commentary. Grand Rapids: Eerdmans.

Van der Merwe, C.H.J. 2014. Direkte vertaling van die Bybel as antieke teks: net 'n nuwe benaming vir 'n stokkerige woordelikse vertaling? *LitNet Akademies*, 11(3):290–315.

Van der Watt, J. en S. Joubert. 1997. *Die Boodskap: Die Nuwe Testament in hedendaagse Afrikaans*. Vereeniging: CUM.

Vos, G. [1912] 1980. The eschatological aspect of the Pauline conception of the Spirit. In Gaffin (red.) 1980:91–125.

Wallace, D.B. 1996. *Greek grammar beyond the basics: An exegetical syntax of the New Testament*. Grand Rapids: Zondervan.

Wright, N.T. 2002. The letter to the Romans. In Keck (red.) 2002:394–770.

## Eindnotas

<sup>1</sup>Die agt vertalings wat hier genoem is, verteenwoordig nie al die Bybels wat in Afrikaans verskyn het nie.

<sup>2</sup>'n Voorbeeld hiervan is die verwysing na die vrou wat haar vriendinne uitnooi vir “'n koppie tee” nadat sy haar verlore geldstuk gevind het (Luk. 15:9 in Van der Watt en Joubert 1997:255).

<sup>3</sup>Die semantiese uitgangspunt waarmee in hierdie artikel gewerk word, is dat taal soos 'n prisma is waardeur na 'n nielinguistiese sisteem gekyk word, eerder as wat dit gesien word as 'n “sak vol woorde”. Met ander woorde, eerder as wat woorde spesifieke inherente betekenis dra, word sekere woorde in bepaalde kontekste gebruik om bepaalde betekenis weer te gee (vgl. Silva 1983:35–8; Botha 1990:131–3; Wallace 1996:4).

<sup>4</sup>Martyn (1997:493–4, 529–30) en De Boer (2011:350) verstaan egter nie die Gees-vlees-kontras as 'n heilshistoriese kontras nie, maar sien die Gees en vlees eerder as aktors in 'n apokaliptiese oorlog aan die einde van tye.

<sup>5</sup>In die toestand van die ou mens vóór of buite Christus, waarop Rom. 7:14–25 waarskynlik dui (bv. Fee 1994:511–5; Moo 1996:447–9; Wright 2002:551–3; Jewett 2006:462–73;

Matera 2010:167), bestaan die wil om goed te doen, maar is daar 'n onvermoë om dit uit te voer.

<sup>6</sup> Hoewel diegene in die *Radikale nuwe perspektief op Paulus* aanvoer dat daar steeds 'n onderskeid is tussen Christus-gelowiges uit die heidene en gelowiges wat uit die historiese Israel afstam, en dat laasgenoemde steeds die Wet en die besnydenis as identiteitsmerker aanwend, argumenteer die gebruik van die eerste persoon meervoud (“ons”) in Galasiërs (Gal. 1:4; 2:4, 16–17; 3:23–25; 4:3, 5, 6, 26, 28; 5:1, 5; 5:25) teen hierdie standpunt (sien Du Toit 2015:29–30). Dit dui daarop dat Paulus as iemand wat self 'n gebore Israeliet is, ingesluit is by “ons” in Galasiërs.

<sup>7</sup> Die DV vertaal die hele frase τοῦ σώματος τῆς σαρκός met “sondige aard” en vertaal dus nie σῶμα (liggaam) nie.

<sup>8</sup> “Die besnydenis van Christus” (τῆ περιτομῆ τοῦ Χριστοῦ) is waarskynlik hier 'n metaforiese uitdrukking wat dui op Christus se dood self (Moo 2008:199; Pao 2012:166).

<sup>9</sup> Hierdie beeldspraak sluit egter nie ondertone van die fisieke liggaam van Christus heeltemal uit nie. Die gelowige deel immers in die “besnydenis-dood” van Christus, wat in verband staan met die gelowige se eie “besnydenis-dood”. Gelowiges deel in 'n liggaam wat deur fisieke dood getransformeer is tot 'n kosmiese liggaam van Christus – die kerk (Dunn 1996:158).

<sup>10</sup> Hoewel die fokus effens verskil (ψυχικός in kontras met dit wat onder God se beheer is; σαρκικός/σάρκινος fokus op basiese fisieke begeertes), word beide semantiese velde 41.41 en 41.42 in Louw en Nida (1998) ingelei met: “pertaining to behaviour which is typical of human nature”. Die verwantskap tussen σάρξ en die natuurlike (φύσις) kan ook uit Efesiërs 2:3 afgelei word: die begeerlikhede en die wil van die “vlees” hang saam met die idee dat heidene “van nature” kinders van die toorn was.